

SIMBAAL

“Prys Hom met galmende simbale”

[Psalm 150:5]

Nuusbrief van die Gereformeerde Kerk Klerksdorp-Noord

[Webadres – <http://www.gkklkerksdorpnoord.co.za/>]

Jaargang 5

Sondag 18 Julie 2010

Nommer 16

VOLWASSENHEID IN DIE GELOOF

Paulus vermaan die lidmate van die Christelike kerk in Korinte, Griekeland, (1 Kor. 3:16) oor die *twis* en *tweedrag* wat onder hulle heers. In vers 1-3 skryf Paulus dat hulle deur hulle optrede van getwis en tweedrag, wys dat hulle op geestelike gebied *onvolwasse* is. Dat hulle nie in staat is om die lewenssituasies te hanteer nie. Daarom ontaard hulle lewe in nuttelose getwis en onbroederlike tweedrag.

- Hulle het deur hulle onderlinge twiste bewys dat hulle nog nie lewe vanuit geloofsvolwassenheid en geloofsrypheid nie.
- Die onvolwasse christene word deur hulle eie begeertes beheer en daar is nie selfbeheersing by hulle te bespeur nie.

Die Christen wat geloofsvolwasse is soek in alles na die wil en begeerte van God soos Hy dit in sy Woord bekend gemaak het. Die gelowiges in Korinte moet nie vergeet dat hulle die tempel van God is nie. Daarom moet hulle hulle vleeslike gesindhede laat vaar en lewe soos mense in wie die Gees van God woon. Die heerlijkheid van die kerk van God is nie geleë in die uiterlike nie maar in die geestelike wyse waarvolgens hulle lewe. Hierdie feit maak van jou nie sommer 'n doodgewone mens nie, maar 'n mens gevul met God se Gees. Dit beheers jou lewensprioriteite, jou lewensbenadering en jou lewensdade. Daarom moet jy wegvlug van wat verkeerd is en soek na wat God in sy wil vermag. Jy moet die kwaad met die goeie oorwin (Rom. 12:21). Dit is 'n opdrag van God vir die volle duur van jou lewe. Volwassenheid in die geloof bring jou by die punt in jou lewe dat jy nie meer tyd het vir allerlei beuselagtighede nie. Jou doel voor oë is om te voldoen aan die eise van God se Woord en jy ontkyk dan die dinge wat kan meebring dat jy aan hierdie roeping ongehoorsaam bly.

Dr. Nico van der Merwe

WAT SAL DIE MENSE SÊ

Mense het mekaar nodig. Vriende kan baie vir mekaar beteken. Waak egter dat mense nie 'n hindernis word in jou verhouding met God nie. Hoe baie mense gaan van die standpunt uit dat mense nie sleg van jou moet dink nie. Jy vra mos gereeld: “Wat sal die mense sê?” Mense se lewe ontwikkel dan in die patroon van *wat sal die mense sê?* Die gelowige moet 'n ander uitgangspunt hê. Jy moet vra: **Wat sal God sê?** Om net op te tree sodat mense nie van jou praat nie, mag meebring dat jou verhouding met God skeeftrek (Joh. 5:44). Jesus het vir ons die voorbeeld gestel toe Hy die nag voordat Hy gevang en gekruisig is vir die gelowiges in die gebed met die Vader geworstel het (Joh. 17). Op daardie moment was Christus nie bekommerd oor wat die mense sê nie, Hy vra net na die *wil van die Vader*. Wat God sê is vir die gelowige belangriker as dit wat die mense sê.



POSITIEF WEES AS OPDRAG!!


Vrees, ang, en bekommernis vul ons lewensdae met nare gevolge.

- ❖ **Vrees** vernietig jou *selfvertroue* en *geloofsekerheid*.
- ❖ **Angs** vernietig jou *gesondheid* en vreet jou *senuwees* op.
- ❖ **Bekommernis** vernietig jou *wil* tot sukses.

Dié drie dinge stem jou tot 'n *negatiewe lewensuitkyk*. “Worry” kom van die Duitse woord “*wurgen*” wat verwurg beteken. Dis wat bekommernis doen, dit wurg die essensie van die lewe uit jou uit. Hoe langer jy jou lewe sien vanuit jou ang, vrees en bekommernis des te meer word jou lewensmoontlikhede dood gewurg. Na liggaam en siel word jou lewe toegewurg deur jou bekommernis, vrees en ang. *Hoe nou gemaak in die lewe wat daaglik vol angste, vrese en bekommernis is? Jy sal ang, vrees en bekommernis met geloof moet vervang.*

Jy sal dit moet vervang met jou *geloofswil* om te oorwin oor die sondegebroke wêreld. Onthou die meeste van jou vrese en angste word nie 'n werklikheid nie. Onthou verder dat die lewe voortgaan of jy jou bekommer of nie. Bekommernis begin klein maar groei groter en groter. 'n Digte mis van 30 meter diep wat oor 7 stadsblokke strek bestaan uit 60 duisend, miljoen waterdruppeltjies. Dit begin by 1 druppeltjie en groei aan tot 'n ondeurdringbare misbank. Moenie jou vrese en angste druppelgewys laat groei totdat dit onhanteerbaar is nie. Handel elke druppeltjie deur die geloof af en leef 'n bevryde lewe in Jesus Christus.

Dr. Nico van der Merwe

**PREKE VANDAG****Oggenddiens: DIE LIEFDE VERGAAN NOOIT**

1 Korintiërs 13

Ons het niks in die wêreld ingebring nie, en ons gaan met geen aardse besitting die wêreld uit nie. Tog is daar iets wat ons tot in ewigheid by ons het: Liefde. God se liefde. Liefde vergaan nooit. God het sy liefde wat Hy in Jesus Christus aan ons bewys het in ons harte ingestort, sodat ons dit nou weer kan aangee, kan uitleef. Hierdie liefde wat God vir ons gee, het 'n onbeskryflike hoë kwaliteit: dit is ewig, dit is onvernietigbaar, dit is verhewe bo alle dinge, dit is sterker en duur langer as tydelike dinge. God is ewig. Daarom is sy liefde ook ewig. God het ons sò lief dat hy Jesus Christus vir ons gegee het om aan die kruis vir ons sondes te betaal.

[SING: 1. Sb 2-4: 1,2,3 2. Ps. 119:1,2 (p. 585) 3. Ps. 134:4 (Sittende. p. 653) 4. Ps. 146:1,8 (p. 700) 5. Ps. 32:1,4 (p. 260) 6. Sb. 1-1:1,2,7]

Aanddiens: SELFVERLOËNING

Genesis 13:8

Abraham en Lot kon nie op dieselfde stuk grond aanbly nie. Abraham laat Lot eerste kies. Hy word die minste voor Lot. Ons kry hier 'n pragtige voorbeeld van wat selfverloëning is. Die volmaakte voorbeeld is Jesus Christus wat Homself tot in die dood verloën het – ja, die vervloekte dood aan die kruis. Hierdie geskiedenis is egter baie meer as net om vir ons 'n mooi voorbeeld van selfverloëning te gee. Die Here het met Abraham 'n verbond gesluit waarin Hy aan hom 'n groot nageslag belowe het. Uit hierdie nageslag is Christus gebore. Wanneer Abraham homself verloën, verloor hy niks. Nee, hy word instrument in God se hand om die Messias gebore te laat word. Die Here verhoog diegene wat hulleself verneder.

[SING: 1. Ps. 149:1,2 (p. 715) 2. Ps. 33:7, 10 (p. 159) 3. Ps. 51:1,8 (p. 260)]

DORTSE LEERREËLS HOOFSTUK 3 & 4**Artikel 4 : STRAALTJIES VAN DIE SONDELOSE NATUUR**

[Die verdorwenheid van die mens, sy bekering tot God en die wyse waarop dit plaasvind]

Na die sondeval het daar in die mens tog nog 'n bietjie van die lig van die natuur oorgebly. Daardeur het hy 'n mate van kennis van God, van die natuurlike dinge, van die onderskeid tussen die betaamlike en die onbetaamlike bly behou en vertoon hy in 'n sekere mate 'n strewe na deug en uiterlike tug. Vir die mens is dit egter onmoontlik om deur hierdie lig van die natuur tot die saligmakende kennis van God te kom en hom tot God te bekeer. Gevolglik kan hy selfs in natuurlike en burgerlike sake hierdie lig nie reg gebruik nie. Hoe ook al, veeleer bederf hy dit heeltemal op verskillende maniere en hule dit in ongeregigheid. Omdat hy dit doen, is daar vir hom geen verontskuldiging voor God nie.

Artikel 5 : DIE WET VAN GOD IS NIE 'N HERSTELLINGMIDDEL NIE

Net soos met die lig van die natuur is dit ook gesteld met die Tien Gebooie, wat God deur Moses in besonder aan die Jode gegee het. Die wet vlek wel die grootheid van die sonde oop en kla die mens hoe langer hoe meer van sy skuld aan, maar dit dui geen geneesmiddel aan en deel geen kragte mee om uit hierdie ellende te kom nie. Omdat die Wet dus deur die sondige natuur kragteloos gemaak is, laat dit die oortreder onder die vloek bly. Daarom kan die mens nie deur die Wet die saligmakende genade verkry nie.

Artikel 6 : DIE EVANGELIE VAN DIE MESSIAS IS DIE HERSTELLINGMIDDEL

Wat nie deur die lig van die natuur of deur die Wet gedoen kan word nie, dit doen God deur die krag van die Heilige Gees, deur middel van die Woord of die bediening van die versoening. Dit is die evangelie van die Messias, waardeur God besluit het om die gelowiges in die Ou sowel as in die Nuwe Testament salig te maak.

KREATIEWE KOLLEKTES / MUNTLEGGINGS

Geld aan bome of wasgoedlyne?

Ja, dit kan waar wees! Twee gemeentes het onlangs met dié twee oorspronklike idees bygedra tot Bybelverspreiding:



Die Pinkster Protestante Kerk, Bellville-gemeente het onlangs 'n besondere kollekte gehou. Voor die kerk is 'n boom staan gemaak, vol sjokolade geplak wat vrugte voorgestel het. Die lidmate het toe 'n geleentheid gekry om 'blare' aan die boom te gaan sit deur die sjokolade met geldnote te vervang. Hierdie 'blare' beteken dat baie meer mense nou 'n eie Bybel kan bekom. Die baie vrugbare boom het R3 661 opgelewer vir Bybelverspreiding.



In Queenstown het die gemeentelede van die *Assemblies of God* hul 'wasgoed' by die kerk kom doen. 'n Wasgoedlyn is voor die kerk gespan en 'n mandjie vir kleingeld neergesit. Gemeentelede het toe die geleentheid gekry om geld aan die wasgoedlyn vas te knyp en hulle kleingeld in die mandjie te gooi. Met hierdie 'wasdag' het die gemeentelede R3 698 bygedra tot Bybelverspreiding.

KOM TOER SAAM DEUR ISRAEL!: Wou u nog altyd Israel besoek waar bykans die hele Ou Testament, die vier Evangelies en 'n groot deel van die Nuwe Testament afgespeel het? Hier is u kans! Kom toer saam van 25 Februarie tot 8 Maart 2011 DV. Ons besoek o.a. Galilea, vaar op die Galilea See, die Karmelberg, Tel Aviv, Nasaret, Kana, Kapernaum, Massada, die Dooie See, Qumran, Jerusalem, die Olyfberg, die Sionsberg, Getsemane, Bethlehem, Eilat en nog vele meer. Ons bly in luukse hotelle, reis met luukse busse en word begelei deur 'n professionele gids en 'n Gereformeerde predikant. Seagull Toere tref al die reëlins. Die koste van ongeveer R 22 200 (bereken teen R 7.50 vir 1 US\$) sluit alles in (selfs lughawebelasting en footjies), asook 2 etes per dag. Vir 'n volledige program en alle inligting, stuur 'n e-pos na mvanrhyn@telkomsa.net, of kontak ds. Malan van Rhyn by 012 546 5177.

SUSTERS

Saamroepster vir Julie:

Hospitaalbesoekbeurt: Wilmed: Hettie Cunningham

Koekies / Lekkernye vir die Kinderhuis:

Julie 2010: Wyk 6 en 20



Uit die Woord

Die gebed van 'n gelowige het 'n kragtige uitwerking.
(Jakobus 5:16)

Wyse Woorde

Om naby aan God te kom, is om te verander. Daarom is gebed so 'n bedreiging vir ons gemaksones.

AAN ALLE GEMEENTELEDE EN KINDERS!

Jou hulp word dringend benodig met die saamstel van 'n BOEK VOL HERINNERINGE vir dr. André en Hettie. Julle kan dit in gesinsverband, met selfs 'n foto by, of individueel aanstuur – verkieslik met 'n bydrae van elke gesinslid soos 'n versie, 'n gedig, 'n storie, grappie, resep, raad en ook tekeninge van kinders! Skryf jou groetboodskap neer en gooi dit in die houer in die portaal, gemerk STORIES, of gee dit persoonlik vir my of plaas dit in die konsistorie in poshokkie nr. 20. Jy kan selfs 'n e-pos stuur na fjsnyman@telkomsa.net. Ek gaan al julle "briefies" in 'n lêer saamstel en as 'n afskeidsgeskenk aan hulle gee. Sorg asb. dat jou naam duidelik by jou artikel geskryf is. Help asseblief! Ek weet ek kan op almal se samewerking staatmaak.

Christa Snyman

LIEF EN LEED IN DIE GEMEENTE

- ❖ **Br. Hannes en sr. Heila Nortman** het weer oupa en ouma geword by hulle seun, Hardus, nadat hulle babatjie verlede jaar na twee weke oorlede is. Ons is saam met julle opreg bly en dankbaar vir hierdie seën van die Here.
- ❖ **Sr. Maria van der Walt** se suster is in Kuruman oorlede. Ons bede is dat die Here Tannie ryklik sal vertroos. Tannie Maria het verlede jaar ook 'n suster aan die dood afgestaan.
- ❖ Ons wens graag **sr. Heleen van Zyl** baie geluk met die huwelik van haar dogter, Suzaan. Ons gee hiermee ook 'n stewige handdruk aan **Oom Ben en Tannie Julie van Zyl** – Suzaan is hulle kleindogter. Mag julle almal die grootste vreugde geniet met hierdie huwelik.
- ❖ **Gerhard**, die seuntjie van **br. Callie en sr. Mandie de Bruyn**, was met longontsteking in die Wilmed. Omdat hy nog klein is, moes Mandie die heel tyd by hom bly. **Mandie** moes ook 'n operasie aan haar knie ondergaan. Ons hoop jy het nou nie verder las daarmee nie.
- ❖ **Br. Chris en sr. Ansie van Vuuren** het weer 'n kleinseun ryker geword by hulle seun Rudolph. Baie geluk! Mag die Here julle almal ryklik seën.
- ❖ **Br. Marius Kilian** het 'n deel van sy een vinger in 'n fratsongeluk verloor. Ons is jammer daaroor en hoop jou hand is gou weer gesond en bruikbaar.
- ❖ **Sr. Anna-Marie Louw** se swaer is onlangs oorlede. Dit is vir hulle 'n groot verlies. Ons bede is dat ons Hemelse Vader julle ryklik sal vertroos.
- ❖ Ons betoon graag ons meegevoel met **br. Corrie en sr. Susan Botha** met die afsterwe van Oom Corrie se suster (80). Ons bede is dat ons Hemelse Vader u elkeen ryklik sal vertroos met die sekerheid dat wanneer jy in Jesus Christus glo, dan is jy saam met Hom in die paradys.
- ❖ **Br. Jan Louw** het 'n operasie aan sy rug ondergaan om akute pyn in sy been te verlig. Ons bid jou 'n algehele herstel toe.

SENDING- EN EVANGELISASIEKONFERENSIE

Moenie die sending- en evangelisasiekonferensie misloop nie! Die doel van hierdie konferensie is om die Here se naam te verheerlik deur lidmate in die GKSA te versterk en aan te spoor om by sending- en evangelisasie betrokke te raak! Ons (studente van Cachetgemeente in Potchefstroom) wil mense ook help om self projekte in hulle tuisgemeentes aan te pak. As jy nog nooit sending- of evangelisasiewerk gedoen het nie, is hierdie ideale geleentheid om te kom leer!

Daar is stalletjies beskikbaar vir enigiemand wat belangstel om 'n projek te kom bekendstel. Die doel hiermee is, om vir die konferensiegangers so veel as moontlik blootstelling te gee aan dit wat die Here reeds deur die GKSA doen.

Wanneer: 13-15 Augustus 2010

Waar: By die Nootgedacht-kampterein naby Potchefstroom

Koste: R250 per persoon (maar daar is geborgde plekke beskikbaar!)

Kontakbesonderhede:

Algemeen: Andie Odendaal by 20286805@nwu.ac.za 0845897730.

Finansieel: Jaco Lemmer by 0836102421.

**55-PLUSSERS**

Die lang wintervakansie en die opwindende sokkerfees is uiteindelik verby en al die kleinkinders wat by Oupa en Ouma gekuier het, is weer huis toe. Ons langverwagte Sop-en-Sjerriefunksie met 'n winterkonsert lê voor die deur. Ja, die toneelgroep is ook terug en daar wag 'n groot verrassing vir julle. Hierdie funksie moet beslis nie gemis word nie! Sien julle daar!

Datum: **Vrydag 23 Julie 2010**

Tyd: **18h00 – 21h00**

Plek: **Kerksaal**

Spyskaart: **Sop-en-sjerrie met varsgebakte brood en konfyf. Egte boeretroos na die tyd.**

'n Donasie van R25 per persoon sal betaalbaar wees. Almal wat die geleentheid gaan bywoon, moet asseblief hul name op die lys in die portaal skryf.

ONTHOU: **Eetgerei (sopbord en lepel, kleinbordjie en mes)**
Ekstra drinkgoed (buiten sjerrie en koffie)
Kniekombersie

KOLLEKTES

Datum	By die diakens	Sakkies by die deure
18 Julie	Barmhartigheid	Sustentasiefonds
25 Julie	Barmhartigheid	Ekumenisiteit Buiteland
1 Augustus	Barmhartigheid	Geref. jeug in London
8 Augustus	Barmhartigheid	Sustentasië Khuma

**GEMEENTEPROGRAM**

Sondag 18 Julie tot Saterdag 24 Julie 2010

Sondag 18 Julie	Oggenddiens	09:30-10:30
Sondag 18 Julie	Katkisasie – Les 14	10:30
Sondag 18 Julie	Erediens	18:00-19:00
Maandag 19 Julie	Beplanningskommissie	18:00

**TEESKINKBEURTE**

Sondag 18 Julie 2010	Wyke 12 & 13
Sondag 25 Julie 2010	Wyke 15 & 16
Sondag 1 Augustus 2010	Wyke 17 & 18
Sondag 8 Augustus 2010	Geen teeskink

**Verjaarsdae**

19 Julie	Tannie Jansie Smit
20 Julie	Lize Mari van Deventer
21 Julie	Elmarie Scheepers
21 Julie	Tannie Marie Flies
22 Julie	Elsabie Kilian
22 Julie	Magdalena Smit
22 Julie	Abraham de Wet
23 Julie	Karel van Jaarsveld
23 Julie	Anne Engelbrecht
23 Julie	Hannes Uys

Baie geluk met u verjaarsdag. Mag die nuwe jaar geluk en gesondheid vir u almal inhou.



- ❖ **Br. Alf en sr.Riana White** het onlangs hulle eerste agterklein-dogter ryker geword. Baie geluk! Mag julle sommer baie vreugde van die nuwe baba in julle geleedere ervaar.
- ❖ **Oom Hannes Theunissen** was lank en ernstig siek. Ons dank die Here dat Oom soveel beter is en weer alleen die eredienste bywoon. Sterkte vorentoe!
- ❖ **Tannie Rita Nel** was in die Sunningdale vir behandeling. Dit gaan gelukkig weer beter. Ons hoop Tannie is gou weer heeltemal gesond.
- ❖ Ons betoon ons meegevoel met **br. Willem en sr. Jeanette de Jager** met die dood van br. Willem se broer en sy neef. Mag die Here julle ryklik vertrous deur sy Heilige Gees. Wie in Jesus Christus glo, bly lewe al het hy ook gesterwe.
- ❖ **Oom Tienie Botha** moes 'n paar dae in die Wilmed behandeling ontvang vir 'n bloedklont in sy long. Ons bid hom spoedige beterskap toe.
- ❖ **Br. Jorrie Jordaan** was siek en moes in die Anncron vir waarneming en behandeling opgeneem word. Ons glo dat jy gou weer gesond sal word. Sterkte!
- ❖ **Br. Edwin Kruger** is beseer toe hy gaan jag het. Dit was nie 'n skietongeluk nie, maar hy is beseer toe die voertuig deur 'n gat in die veld gery het. Dit gaan gelukkig weer beter.

**DRINGEND DRINGEND DRINGEND DRINGEND**

Pensioenaris soek **dringend** enige **nutsmanwerk**:
sweiswerk, loodgieterswerk,
houtwerk of teëlwerk.
Skakel asb. Corrie Botha
018 484 4774 of 083 429 4824.



SOEK DRINGEND NA WERK

Die diakonie van die Gereformeerde Kerk Delportshoop is dringend op soek na werk vir 'n gesin in die gemeente. Ons sal u hulp baie waardeer as u ons in hierdie verband kan help. As u weet van enige werksgeleentehede, sal ons dit baie waardeer as u die gesin sal kontak by 053 561 1129 of 071 873 3612

Groete, Pierre Cilliers
Gereformeerde Kerk Danielskuil/Delportshoop
Tel: 053 384 0049
Sel: 072 623 5735
Faks: 086 653 8331
Epos: pierre@cilliers.com



HOËRSKOOL JEUG

Klerksdorp-Noord en Klerksdorp Gereformeerde Gemeentes

Die jaarlikse besoek aan Reddersburg Kinderhuis is weer om die draai.

Die besoek besonderhede is soos volg:

Vertrek Saterdag, 21 Augustus om **06:00** vanaf **Klerksdorp Gemeente**
Kuiers die hele Saterdag saam met die vriende/vriendinne.
Sondag gaan ons almal saam kerk en Katkisasie toe.
Arriveer terug by Klerksdorp Gemeente, ongeveer **17:00**.

Bespreek asb jou plek voor **30 Julie**
by: Lizél 0727843812 of
Meliza 0794918418



- Die duiwel kom met die geklank van die Woord sonder die goddelike inhoud.
- Vandag en elke dag korrespondeer God met die wêreld deur die getuigenis wat daar uitgaan van lewende Christene.
- Elke dag kom net eenkeer in jou lewe.

BYBELVERSPREIDING 2010

1. Tydens die besoek van die ouderlinge aan die gemeentede met die oog op nagmaal, 29 Augustus, sal elke huisgesin weer literatuur en 'n bybelverspreidingskovertjie ontvang.
2. Sondag 31 Oktober vanjaar word Hervormingsdag weer herdenk. Op die Sondag sal daar weer n muntlegging asook n kollekte plaasvind. Dit is dan ook die sperdatum vir bydraes vir bybelverspreiding. Ons sal u bydrae vir die belangrike saak vanjaar, baie waardeer.



Dankie byvoorbaat,
Ouderling Abrie Lotter.



'N BAI GROOT DANKIE!

Die Diakonie bedank al die lidmate hartlik wat so gul en ruim geskenk het met die emmer-projek. Die emmers en komberse is met baie groot dankbaarheid ontvang waar nood is. Baie dankie ook aan almal wat klere, boeke en ou Bybels geskenk het, en almal wat steeds met 'n oop gesindheid dink aan die Kinderhuis.

*“Wie vir ‘n arm mens iets oor het, sal self niks kortkom nie.”
Spreuke 28:27a*

